

## **Sing vooraf staande: 118:9**

9-

Die HEER het my met sware slae / getugtig, maar nie tot die dood;  
Hy 't my gehoor in donker dae / en my gered uit alle nood.  
Ontsluit dan voor my pelgrimskrede / die poort van sy geregtigheid,  
om God te loof wat my gebede / **verhoor** het in die dag van stryd.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 105:1, 3.

1-

Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,  
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;  
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

-3-

Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;  
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,  
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

## Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

### Wet

Psalm 104:1, 20, 21.

1-

Waak op, my siel, en loof die HEER! \ My God, U is uitnemend seer  
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:

-20-

Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.  
En die oorpeinsing van my gees - / mag dit Hom welgevallig wees.

-21-

Al wie die HEER se lof mishaaag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!  
My siel, wat uitsing tot Gods eer - / sing onvermoeid, en loof die HEER!

### Gebed

Psalm 38:2

-2-

In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte  
wat my hart deurboor soos staal. / Ja, die hand wat hul gedryf het  
in my lyf, het / self ook op my neergedaal.

-8-

HEER, U weet hoe hart en sinne / staan daarbinne  
as ek worstel in my leed. / Voor U is my sugte en sorge  
nie verborge, / daar U alles sien en weet.

Skriflesing: Josua 6:26 en 1 Konings 16:29 - 34.

Teks: 1 Konings 16:34

**NAV: In daardie dae het Giël van Bet-El die stad Jerigo opgebou. Toe hy die**

**fondamente daarvan gelê het, het sy oudste seun Abiram gesterf, en toe hy die poortdeure gehang het, het sy jongste seun, Segub, gesterf. Dit was in ooreenstemming met die vervloeking wat die Here deur Josua seun van Nun uitgespreek het.**

**OAV: In sy dae het Hiël, van Bet-El, Jerigo weer opgebou; ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy sy fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig, volgens die woord van die HERE wat Hy deur die diens van Josua, die seun van Nun gespreek het.**

Die boodskap van hierdie stuk geskiedenis is dat ons die verantwoordelikheid aan die dag moet lê dat ons moet seker maak wat vir die Here belangrik en reg is, en dan moet ons dit respekteer in ons verhouding met Hom.

Kom ons ondersoek teen hierdie agtergrond die geskiedenis wat ons gelees het, en die betekenis daarvan.

- 1. God se oordeel in die verwoesting van Jerigo.**
- 2. God se genade in die verwoesting van Jerigo.**

### **1. God se oordeel in die verwoesting van Jerigo.**

Met die intog in Palestina in, het die Israeliete die stad Jerigo ingeneem. Die stad het inmeekaargestort deur God se almag toe die volk sewe rye dik rondom die stad gestaan het.

- Die feit dat die stad oorwin was en dat die mure inmeekaargetuimel het, was nie genoeg nie, want daarna moes die stad ook nog met die banvloek getref word.
- Jerigo is baie strenger behandel as enige ander stad in Kanaän: Die inwoners en die vee en alle buit moes verbrand word.
- Die simbool wat in hierdie handeling vervat was, is dat die volk hulleself niks toe-eien nie: alles behoort aan die Here!

Vir ons mense klink dit baie wreed dat mens en dier verbrand moes word, maar dit moes so geweldig wees, **omdat hierdie verwoeste stad 'n getuienis moes wees van God se wrekende geregtigheid.** Jerigo was die eerste stad in die land Kanaän teen wie Israel te staan gekom het.

- Hierdie mense was op daardie stadium heidene, en het allerlei afgode aanbid, maar vroeër was hulle almal deel van die mense wat die Here aanbid het!
- Die Here het geweet dat hierdie volke die Israeliete sou verlei om Hom te verlaat en afgode te aanbid (en te word soos hulle verword het!) as Hy hulle nie uit die land verwyder nie.
  - Daarom het die Here hierdie stad gebruik om van hulle 'n voorbeeld te maak vir sy volk van wat in die toekoms sou gebeur met iemand wat die Here nie aanbid nie.
  - Die Here het hiermee 'n voorbeeld gestel aan almal wat op die grondgebied gewoon het wat Hy vir sy volk gereserveer het: *Voortaan wil die Here alleen gedien word op hierdie stuk grondgebied.*

Sy eie volk moes hierin besef en beleef dat hulle hulle land uit die hand van God ontvang as 'n gawe van God.

- Dit is waarom hulle nie die stad se mure laat val het nie: die almag van God het die

- mure laat val.
- Daarmee het die Here sy genade aan hulle geopenbaar!

Die ander volke moes sien dat die land nie aan afgode of aan mense behoort nie, maar aan die Almagtige God.

- Hulle moes sien dat Hy alles vir Homself heilig.
- Dit is waarom die banvloek uitgespreek en voltrek is oor die stad.
- Dit is ook waarom Josua 'n vloek oor die stad uitspreek.

Niemand mag hierdie stad ooit weer herbou het nie, want:

- Dit moes 'n getuienis bly van God se almag wat stede en volke kan laat val sonder mense se toedoen.
- Verder moes hierdie verwoeste stad altyd 'n soort van 'n monument wees (bly) dat die Here die onoorwinbare Leërowerste van sy volk is.
- Dan moet ons ook nie vergeet dat dit 'n getuienis moes wees van God se wrekende geregtigheid nie.

Hierdie stad Jerigo was vir Israel destyds die sleutel tot die land Kanaän. Dit was as't ware die poort waardeur hulle die land ingeval het. Daarom moes hierdie puinhope daar bly lê om die volk te herinner aan die krag en die oorwinning van die Here.

Al hierdie dinge was die motivering waarom Josua 'n vloek uitgespreek het oor enige een wat die stad ooit weer sou herbou. Dit staan nie so reguit geskryf nie, maar die saak is duidelik:

- As iemand ooit weer die vesting sou herbou, sou dit net kon gebeur deur 'n ongelowige wat hom teen die Here verhef.
- Dit sou iemand wees wat die vloek wat God uitspreek, oor dit wat onheilig is, gaan trotseer.
- Effektief beteken so 'n daad verraad teen God. Verraad was nog altyd 'n baie ernstige saak, daarom word die doodstraf uitgespreek oor daardie persoon wat hierdie stad sou herbou se oudste en jongste kinders.

Die vloek het nie mense getref wat weer daar gaan bly het nie.

- Ons lees 'n hele paar plekke in die Bybel dat daar sommer gou na die tyd alweer mense gevestig het (Josua 18: 21; Rigters 3: 13; 2 Samuel 10: 5).
- Hulle kon daar bly, maar hulle moes net nie die stad Jerigo weer herbou nie.

Een van die konings wat later regeer is Agab. Hy is die slegste en goddeloosste van al die konings wat regeer het.

- Hy trou (waarskynlik vir politieke motiewe) met 'n dogter van die koning van Et-Baäl - 'n meisie wat later laat blyk het dat sy 'n fanatieke heidin was.
- Sy het verwoesting in die volk van die Here se geloofslewe gesaai.
- Sy het selfs die profete van Baäl en Asjera onder haar dak gehuisves en daarmee van die koningshuis 'n beheersentrum van die afgodediens gemaak.

Koning Agab het die Here nie vertrou nie, omdat sy geloof in die Here nie bestaan het nie.

- In sy goddeloosheid het hy saam met sy vrou afgode aanbid.
- Daarom het hy hom ook nie aan die vloek van die Here gesteur wat al vir eeue lank geldig was oor Jerigo nie.

Tipies van iemand wat ongelowig is, het onsekerheid en vrees sy lewe oorheers. Hy was bekommerd oor die woeligheid van Mesa die koning van Moab. As Mesa hom sou aanval, sou dit van die kant van Jerigo af wees. Daarom gee hy opdrag aan Hiël om Jerigo te herbou.

Net oor die man Hiël self is daar al baie dinge waaroor ons kan praat.

- Die naam Hiël beteken **broer van God**.
- Hiël kom van Bet-El af. Bet-El beteken **Huis van God**.

Maar uit die huis van God het nie 'n gelowige Hiël opgetrek om Jerigo te gaan opbou nie. Hy was 'n volslae ongelowige.

- In hierdie tyd was Bet-el die sentrum van die kalwerdiens - dus self ook 'n sentrum van die heidendom!
- Hiël was ook 'n beoefenaar van die kalwerdiens, en daarom het hy kans gesien om die vloek van God te trotseer.

Wat is die betekenis van die daad van Agab en Hiël?

- Hulle het vir die volk 'n voorbeeld gestel van hoe 'n mens God verlaat en hoe jou geloof verval!
- Hierdie daad was 'n bewys van hoe ver hulle van God af weggeraak het, en hoe ongelowig hulle geraak het.
- Hulle vertrou in die Here het heeltemal weggeraak, en hulle het sonder enige geloof hulle lewensbeplanning gaan doen.

Daarom hou God ook sy woord: al was hierdie versterking menslik gesien hoe noodsaaklik ookal - God se vloek gaan deur.

- Hiël se oudste en jongste kind sterf.
- Agab se geslag is ook later vervloek - weliswaar oor ander redes, maar altwee van hulle het uiteindelik die onderspit teen God gedelf.

Die Here is van ewigheid tot ewigheid onveranderlik.

- Hy is nie soos ons mense wat vandag dink 'n ding is verkeerd, en na 'n paar jaar dink ons weer anders oor die saak nie.
- Die Here se geheue is ook nie so kort dat Hy nou vir ons sê dat iets verkeerd is, en as ons dit later weer doen, die Here daarvan vergeet het nie.

## **2. God se genade in die verwoesting van Jerigo.**

Jerigo is nie meer vir ons van belang nie, want God het die tekens wat Hy voorspel het in die geskiedenis laat uitkom, en ons weet dat Hy sy straf oor 'n saak sal nakom, al is dit hoeveel jare later. Solank ons net bly onthou dat die geloofsgehoorsaamheid wat Hy van ons eis, nog steeds geld.

Daarom moet u kyk na God se genade.

- Die opvallendste is seker dat hierdie stad met soveel geweld, en almagsopenbaring afgebreek en aan God se volk gegee word.
- Maar dink ook daaraan dat 'n stuk van die muur nie geval het nie!
  - Die stukkie waar 'n hoer en haar ouers gesit en wag het op die verlossing van die Here: Ragab en haar mense.

Ragab is nie verlos omdat sy iets verdien het nie - trouens haar lewe het bewys dat sy op geen manier eerbaar en verlossingswaardig is nie.

- Sy is verlos uit God se vrye genade.
- Daarom word sy ook nie net verlos nie, sy word deel van die hele Joodse volk.
  - Die Here maak haar een van die voorsate van die latere koningshuis.
  - Hy maak haar een van die grootmoeders van ons Here Jesus Christus - die ware Koning van die Here wat die wêreld van sy sondes sou verlos, is uit haar gebore.

Dis asof ons in die vernietiging van Jerigo en die bewaring van Ragab iets van die voorspel het van die verlossing wat ons van God af kry as ons op Hom vertrou.

- Tot versoening van ons wantroue en sondes teenoor God, het die Here sy eie Seun gestuur: Jesus die Messias.
- Hierdie Jesus het die poorte van die hel oopgebreek, en die hemel voor ons oopgemaak met sy dood, versoening en opstanding - net soos wat God die poorte van Kanaän oopgebreek het toe Jerigo se mure geval het en Kanaän voor die volk oopgelê het.
- *Die teëkant is ook waar: Hiël het sy oudste seun verloor omdat hy God gewantrou het, en sy opdrag verag het.*

Die verskil tussen die twee gebeurtenisse is dat Jerigo weer herbou kon word, maar dat niemand die verlossingswerk van Jesus ongedaan kan maak nie.

- Niemand kan iets van die krag van die hel weer herbou nie.
- Niemand kan die vloek en straf van die Here oor die wat die duiwel aanbid en ondersteun met hulle ongehoorsaamheid aan die Here, ophef nie.
  - Sulke mense sal nie ten koste van hulle eie seuns ongehoorsaam wees en God verwerp nie, maar ten koste van hulle saligheid.

Die vloek van God oor diegene wat aan die Here Jesus ongehoorsaam is, is ook strenger as wat dit was in die tyd van Josua en Agab.

- Destyds was die vloek dat hulle oudste en jongste seuns sou sterf.
- Vir ons is alle saligheid aan die eie lyf daarmee heen as ons die Here Jesus verwerp.

Daarom moet ons baie sterk staan op ons beginsels en op ons vertroue op die Here.

- Ons het 'n tydperk ingegaan waarin geloofsaktiwiteite afgeskaal en selfs uitgeskakel word.
- Die Christelike godsdiens as die enigste ware godsdiens word bevraagteken.
- Die aanslag van die duiwel is dat ons sag moet word teenoor die valse vorms van aanbidding, sodat die duiwel in ons geloofsgematigdheid 'n vastrapplek kan kry.

Wat moet ons met al hierdie dinge maak?

- Ons kan alles oorboord gooi en praat en redeneer dat godsdiens en aanbidding 'n middelmatige saak is.
  - Maar dan moet u weet dat u in die stroom gaan beland wat jou van die Here af gaan wegspoel.
  - Dan herbou jy – om dit so te sê - Jerigo se poorte. Dit sal in effek neerkom dat jy die enigste ware God verloën, want die oomblik as jy dit doen, dan bring

- jy die eer van God in gedrang.
- Daar is vir die Here net een saak wat Hy oorweeg, en dit is dat Hy ons geskape het om Hom te eer, en dat alle mense se lewens daarop gerig moet wees om alle eer en aanbidding vir Hom alleen te gee.

Daarom mag ons nooit deel wees van enige godsdiensvervlakking nie.

- Ons moet ten alle koste ons belydenis duidelik stel, en sorg dat ons daede ons belydenis ondersteun.
- Ons moet natuurlik met die nodige styl optree, want as ons onbeheersd oor hierdie sake tekere gaan, skend ons die koningsbeeld van God in ons.
- Ons moet op elke gebied van ons lewe elke bevel van die Here onthou en gehoorsaam.

Moenie die Here tart deur te dink en te redeneer dat die Here vergeet of beginsels wat vroeër vir Hom belangrik was, op die agtergrond skuif nie.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 68:1.

1-

Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd,  
laat weglug voor sy oë. / Hoe hoog die mens se trots mag gaan,  
hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.

As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn,  
deur stormwind voortgedrewe. / Soos was wat smelt voor hitte en vuur,  
het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 8 Desember 2002.

Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 4 Mei 2014